

HOOFSTUK VIIA. NYWERHEIDSKOLE.1. Algemeen.a. Die funksies en omskrywing van n nywerheidskool.

Nywerheidskole en verbeteringskole word tans deur die Departement van Nasionale Opvoeding behartig ingevolge die Kinderwet van 1960. Dié Wet maak inter alia voorsiening vir die aanstelling van Kommissaris van Kindersorg; vir die instelling van kinderhowe; vir die beskerming en welsyn van sekere kinders; vir die nodige toesig oor hulle, ens.

In die Kinderwet word hoofsaaklik voorsiening gemaak vir twee groepe kinders, t.w. dié kinders wat verwaarloos, behoeftig, onaanpasbaar en onregeerbaar is, en dié wat met die wet in botsing gekom het, dit wil sê jeugdige oortreders of misdadigers.<sup>1)</sup>

Die Departement is ingevolge die Kinderwet verantwoordelik vir die voorsiening van onderwys, beroepsopleiding, mediese dienste, kleding, losies en inwoning aan kinders in nywerheid- en verbeteringskole totdat hulle uitgeplaas word in beroepe of totdat hulle van die bepalinge van die Kinderwet onthef word.<sup>2)</sup> Die Departement van Nasionale Opvoeding is slegs vir dié deel van die Kinderwet verantwoordelik wat betrekking het op nywerheid- en verbeteringskole. Daar moet pertinent op gewys word dat n nywerheidskoolkind nie soos in die geval van n verbeteringskoolkind na die skool gestuur word op grond van n wetsoortreding nie maar wel op grond van sorgbehoewendheid. Hierdie twee soorte skole verskil dus wesenlik van mekaar ofskoon dieselfde Wet (die Kinderwet) op albei van toepassing is. Du Plessis konstateer

---

1) Vergelyk die verskillende bepalinge van die Kinderwet, 1960 (Wet No. 3 van 1960).

2) National Bureau for Educational and Social Research. Functions of the Department of Education, Arts and Science, p.4.

in hierdie verband dat daar tussen die nywerheidskool en verbeteringsinrigting onderskei moet word hoofsaaklik op grond van die soort leerling wat in die onderskeie skole toegelaat word.<sup>3)</sup>

Kragtens artikel 39(1) van die Kinderwet van 1960 is 'n nywerheidskool 'n skool wat deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap opgerig en in stand gehou word vir die opname, versorging, onderwys en opleiding van kinders wat ingevolge artikel 31 van die Wet op bevel van 'n kinderhof daarna verwys word, of wat op bevel van die Minister ooreenkomstig sub-artikel (1) van artikel 50 daarheen oorgeplaas word (dit wil sê vanaf 'n ander nywerheidskool, 'n gesertifiseerde tehuis, plek van bewaring, ens.).

Nywerheidskole het vroeër ook deurgegaan onder die naam "staatsnywerheidskole."<sup>4)</sup> Nog vroeër het hulle ook bekend gestaan as "industriële" skole.

b. Sorgbehoewendheid.

Normaalweg word 'n kind, ingevolge die Kinderwet, na 'n nywerheidskool verwys op bevel van 'n Kinderhof<sup>5)</sup> nadat sodanige Hof homself na ondersoek daarvan vergewis het dat so 'n kind sorgbehoewend is. Die nywerheidskoolkind se kommitering na en aanhouding en versorging in 'n nywerheidskool is dus die regstreekse gevolg van sy sorgbehoewendheid. Om dus die doel en wese van 'n nywerheidskool na behore te begryp, en ipso facto ook die wese van die nywerheidskoolkind, word dit gerade geag om hierby volledig aan te dui wat, volgens die Kinderwet, deur die begrip "sorgbehoewende kind" omvat word. 'n Goeie begrip van dié term sal lei tot beter begrip van die voorsiening wat die Departement van Nasionale Opvoeding vir hierdie soort leerling in sy nywerheidskole

3) Du Plessis, W.K.H. Die nywerheidskool as onderwys- en opvoedingsinrigting in Suid-Afrika, p.6.

4) Vergelyk die Wet op die Beheer van Staatsnywerheidskole, 1931 (Wet No. 3 van 1931).

5) Kinderwet No. 33 van 1960, artikel 31.

en mutatis mutandis ook in sy verbeteringskole (die kinders in laasgenoemde skole is in die reël wesentlik ook sorgbehoewende kinders)<sup>6)</sup> moet maak. In die Kinderwet word n sorgbehoewende kind soos volg gedefinieer (die omskrywing is plek-plek verkort): Dit is n kind -

- (1) wat verlaat of sonder waarneembare bestaansmiddele is; of
- (2) wat geen ouer of voog het nie, of wat ouers of n ouer of voog het wat geen behoorlike beheer oor die kind uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige beheer uit te oefen; of
- (3) wat in die sorg van n persoon is wat skuldig is aan n misdryf vermeld in die Eerste Bylae van die Kinderwet, begaan ten opsigte van of in verband met daardie kind; of
- (4) wat nie deur sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie; of
- (5) wat hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak; of
- (6) wat omgaan met n onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van die kind sal veroorsaak of in die hand sal werk; of
- (7) (a) wat bedel; of  
(b) wat minder as twaalf jaar oud is en in sommige gevalle minder as sestien jaar oud is en wat straathandel van n bepaalde aard dryf soos deur die Wet bepaal; of
- (8) wat onderhou word weg van sy ouers of voog of onder huislike omstandighede wat met die belange van die kind in stryd is en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of wie se ouers versuim het om behoorlike voorsiening vir die versorging en bewaring van die kind te maak, alhoewel hulle aangesê is om dit te doen; of

---

6) U.G. 38 - 1937, par. 181.

(9) wat in n toestand van fisiese of geestelike ver-  
waarlosing verkeer.<sup>7)</sup>

Vir die doeleindes van die Kinderwet word n "kind"  
beskou as enigiemand onder die ouderdom van 18 jaar maar  
vir sekere doeleindes kan dit ook n persoon wees bo die  
ouderdom van 18 jaar maar minder as 21 jaar oud.<sup>8)</sup>

c. Die kommitering van n kind na n nywerheidskool en sy  
uitplasing uit die skool.

Kinders word gewoonlik op ongeveer veertienjarige  
leeftyd tot nywerheidskole toegelaat. So n toelating  
kan op tweërlei wyse geskied: òf dit kan n direkte  
toewysing, òf dit kan n oorplasing wees. Direkte toe-  
wysings behels dié gevalle waar die kinders direk deur  
n Kinderhof na n nywerheidskool gekommitteer is omdat  
hulle sorgbehoewend is.<sup>9)</sup> Dikwels is daar een of ander  
wanaanpassing in so n geval ter sprake. In die tweede  
plek word leerlinge soms vanaf gesertifiseerde en nie-  
gesertifiseerde inrigtings oorgeplaas ingevolge die  
bepalings van die Kinderwet.<sup>10)</sup> Sulke leerlinge word  
gewoonlik oorgeplaas omdat hulle opleiding in n ambag,  
handelsvakke of huishoudkunde kan ontvang.<sup>11)</sup>

n Sorgbehoewende kind word deur n Kinderhof na n  
nywerheidskool gekommitteer deur n Kommissaris van Kinder-  
sorg. Die Sekretaris van Nasionale Opvoeding besluit  
dan na welke nywerheidskool die kind gestuur moet word,  
afhangende daarvan of die kind moontlik onbeheerbaar  
is, of subnormale verstandsvermoëns het of wat die geval  
ook al mag wees.<sup>12)</sup>

n Kind wat in n nywerheidskool geplaas word (hetsy  
as gevolg van sorgbehoewendheid, hetsy as gevolg van n  
oorplasing soontoe) bly nie daar vir n willekeurige

---

7) Kinderwet 1960 (Wet No. 33 van 1960), artikel 1.

8) Wet No. 33 van 1960, artikel 1.

9) Wet No. 33 van 1960, artikel 31.

10) Artikel 50(1).

11) Erudita Publikasies, op.cit., p.114.

12) Wet No. 33 van 1960, artikel 35.

tydperk of totdat hy die vereiste skoolplig-ouderdomsgrens bereik het, of totdat hy n bepaalde skolastiese prestasie bereik het nie. Die Kinderwet bepaal die tydperk wat n kind in n nywerheidskool of kindershuis se bewaring of onder die toesig of beheer van dié bepaalde inrigting moet bly, soos volg:

"(a) indien hy op die tydstip toe die bevel van die kindershuis uitgereik is, onder die leeftyd van sestien jaar was, totdat hy die leeftyd van agtien jaar bereik; of

(b) indien hy op die tydstip toe die bevel van die kindershuis uitgereik is, nie onder die leeftyd van sestien jaar was nie, totdat hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik;"

of, in elke geval, totdat hy ooreenkomstig die bepalinge van die Kinderwet ontslaan of met vergunning vrygelaat word voordat hy die bedoelde leeftyd bereik het.<sup>13)</sup>

n Nywerheidskool kan aan n leerling van die inrigting skriftelik vergunning verleen om in die bewaring van n geskikte persoon of in n opleidingsinrigting te gaan woon vir n bepaalde tydperk en onderhewig aan sekere voorwaardes met dien verstande:

(1) dat die oorspronklike tydperk van vergunning twee jaar nie mag oorskry nie;

(2) dat n tydperk van vergunning nie sonder die toestemming van die Minister so verleng kan word dat dit twee jaar oorskry nie; en

(3) dat die tydperk van vergunning nie later as die einde van die tydperk waarvoor die leerling onder beskerming van die bestuur van die inrigting staan, mag verstryk nie.<sup>14)</sup>

n Bevel om in n nywerheidskool geplaas te word, word nie as n straf bedoel nie maar wel as n beskermingsmaatreël, in belang van die kind. Dit word gedoen om die kind te beskerm teen ongesonde en skadelike invloede

13) Wet No. 33 van 1960, artikel 36(1).

14) Wet No. 33 van 1960, artikel 44(1)(a).

wat tot anti-sosiale gedrag kan voer.<sup>15)</sup> W.A. Willemse het in sy boek, "Road to the reformatory" verklaar dat "almost all destitute and neglected children may be considered as potential delinquents...." Hy het ook daarop gewys dat byna die helfte van die kinders in nywerheidskole soontoe gestuur word as gevolg van ouer-verwaarlosing.<sup>16)</sup>

d. Die onderwys in nywerheidskole is beroepsgerigte onderwys.

Omdat die nywerheidskole dikwels met die ambagskole (later tegniese skole) geassosieer en verwar is, dien daarop gelet te word dat die redes vir die ontstaan van hierdie skole (sowel as die doelstellings daarvan) heeltemal verskillend is. Eersgenoemde skole het ontstaan uit n behoefte om die armlankes te help en laasgenoemde om in die behoeftes van die groeiende nywerhede te voorsien.<sup>17)</sup> Vroeër was die lyn tussen nywerheid- en ambagskole soms, soos dit in die praktyk bestaan het, nie altyd duidelik getrek nie.<sup>18)</sup> Na verloop van jare is die onderskeid egter algaande duideliker gemaak en vandag kan niemand meer twyfel oor die verskil tussen dié twee soorte skole nie. Wat die nywerheidskole wel met die beroepskole gemeen het, is dat daar by hulle ook beroepsgerigte onderwys verskaf word.

Daar is wel n sterk ooreenkoms tussen die administrasie van nywerheidskole en dié van beroepskole. Dit blyk daaruit dat die bepalings van die Wet op Beroeps-  
onderwys (en later die bepalings van die Wet op Onderwysdienste van 1967 - in verband met beroepsonderwys) ingevolge artikel 41 van Wet No. 33 van 1960 mutatis mutandis op nywerheidskole van toepassing is.

---

15) Erudita Publikasies, op.cit., p.114.

16) Willemse. Road to the reformatory, p.61.

17) McKerron. A History of Education in South Africa, p.104.

18) Hofmeyr-verslag, par. 142.

In nywerheidskole word primêre sowel as sekondêre onderwys voorsien, soms ook buitengewone onderwys in sekere skole waarheen verstandelik gestremdes gekommiteer word. Die nywerheidskool is ook 'n beroepskool en leerlinge ontvang praktiese sowel as teoretiese onderrig. Die leergange kom min of meer ooreen met dié wat vir beroepskole in die algemeen voorgeskryf word.<sup>19)</sup> In hierdie skole word dus huishoudkundige, handels- en tegniese opleiding verskaf. Sommige nywerheidskole bied een of meer handelsvakke aan. Die nywerheidskole in George en in die Paarl bied 'n volledige Nasionale Senior Sertifikaat in Handel aan. Tegniese opleiding word aan die nywerheidskole vir seuns aangebied en wel in die volgende ambagsrigtings; bou-, motor- en metaalambagte, elektrisiënswerk, bakkery en kleremakery.<sup>20)</sup>

Daar moet op gelet word dat die onderwys in nywerheidskole nie van 'n gespesialiseerde of buitengewone aard is nie; die onderwyspersoneel aan hierdie skole verbonde word nie spesiaal vir hulle werk opgelei nie. Die meeste van hulle is gegradueerd en gee vakonderwys in die sekondêre afdelings van die skole. In die primêre klasse word hoofsaaklik gebruik gemaak van personeel met slegs professionele opleiding. In die tegniese afdelings word vakonderwysers of ambagsonderwysers aangetref.<sup>21)</sup>

Wat wel deur die Departement as van belang beskou word by nywerheidskole, net soos by verbeteringskole en skole vir buitengewone onderwys, is die verskaffing van sielkundige dienste. Sielkundige dienste speel 'n uiters belangrike rol in die opvoeding en opleiding van leerlinge in hierdie skole. Dit is nie alleen nodig om elke leerling individueel te bestudeer en te help

---

19) De Villiers-verslag, par. 11.

20) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.29.

21) Du Plessis. Die nywerheidskool as onderwys- en opvoedingsinrigting in Suid-Afrika, p.185.

nie, maar ook help dit om sy hele loopbaan deur die skool te beplan. Verder word spesifieke psigoterapeutiese tegnieke vir elke besondere geval bepaal en toegepas.<sup>22)</sup>

## 2. Die beheer oor nywerheidskole.

### a. Nywerheidskole onder die beheer van die Departement van Gevangenis, vanaf 1913 tot 1917.

Met die totstandkoming van die Unie in 1910 was daar net een "Governments Industriële" skool en wel die een te Standerton vir seuns en meisies. Hierdie skool is opgerig kragtens Wet No. 39 van 1909 (n Transvaalse Wet).<sup>23)</sup>

Die eerste suiwer staatsinrigting was die Industriële Skool vir Seuns te George, gestig op 1 Desember 1912 kragtens die Wet op Gevangenis en Verbeteringsgestichten van 1911.<sup>24)</sup> Dit blyk dus dat industriële skole en verbeteringsgestigte in daardie stadium saam met die gevangenis deur die gevangenisowerhede geadministreer is. Die skool te George is inderdaad ook in n ou tronk gevestig.<sup>25)</sup>

In 1913 is die gedeelte van die Gevangeniswet wat op Industriële Skole en Verbeteringsgestigte van toepassing was, vervang deur n nuwe wet, die Wet ter Beskerming van Kinderen.<sup>26)</sup> Hierdie Wet het noodsaaklik geword as gevolg van toenemende kinderverwaarlosing, veral in die groter stede en is gemaak na analogie van die "Childrens Charter" van 1908 in Engeland.<sup>27)</sup>

Wet No. 25 van 1913 was n groot verbetering op die vorige wetgewing (Wet No. 13 van 1911) sover dit kinderbekerming betref. Waar Wet No. 13 van 1911 hom hoof-

---

22) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.31.

23) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1918, p.69.

24) Wet No. 13 van 1911.

25) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1918, p.69.

26) Wet No. 25 van 1913.

27) Van der Walt. n Histories-sosiologiese ondersoek van kinderbekerming 1910 - 1950, p.113. Vergelyk ook: Report of the Secretary for Education, 1919, p.28.



saaklik by die misdadige kind bepaal het, het die Kinderbeskermingswet van 1913 die welsyn en beskerming van die normale, sowel as die verwaarloosde kind, vanaf "die wieg tot volwassenheid" beoog.<sup>28)</sup> Dié Wet het dit vir die verwaarloosde kind moontlik gemaak om uit sy skadelike lewensomstandighede weggeneem te word en in 'n staatsnywerheidsskool geplaas te word. Sodoende kon hy ook in staat gestel word om behoorlike opleiding vir een of ander beroep te kry.<sup>29)</sup>

Oorspronklik is die Wet aan die Departement van Justisie opgedra. Streng gesproke is die Wet egter deur die Direkteur van Gevangenisse geadministreer - laasgenoemde was ook die Sekretaris van Justisie.<sup>30)</sup> Dit het egter spoedig geblyk dat hierdie reëling nie in die beste belang van die kind is nie met die gevolg dat die rol van kinderbeskermer in 1917 deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is.

b. Nywerheidsskole onder die beheer van die Sentrale Regering.

(1) Die oorname van nywerheidsskole deur die Unie-Onderwysdepartement in 1917.

Op 1 September 1917 is die administrasie van die Kinderbeskermingswet deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem. Op hierdie stadium is die beheer van die staatsindustriële skole ook deur hom oorgeneem - die verbeteringsgestigte het onder die Departement van Gevangenisse gebly tot 1934.

In 1917 het die Unie-Onderwysdepartement hom dus vir die eerste keer op die terrein van onderwys benede die peil van hoër onderwys begewe.

Die oorname van die industriële skole is bewerkstellig omdat daar besef is dat die assosiasie daar-

---

28) Kieser. Die opvoedkundige aspekte van die Kinderwette in die Unie van Suid-Afrika, p.133 en 187.

29) Report of the Secretary for Education, 1928, p.6.

30) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1916-1917, p.72.

van met die kriminaliteit onder die Departement van Gevangenis en ernstige struikelblok in die opvoedkundige behandeling van die leerlinge was.<sup>31)</sup>

Ten tye van oorname was daar vier industriële skole met 520 leerlinge en 60 personeellede. Daar was twee inrigtings vir seuns, te Heidelberg (Tvl.) en George en twee vir meisies, te Standerton en in die Paarl.<sup>32)</sup> Die leerlinge het vinnig toegeneem want teen die einde van 1921 was daar 6 staatsbeheerde industriële skole met 870 kinders.<sup>33)</sup>

Daar was spoedig al probleme met personeel. Aangesien die personeel aan nywerheidskole se werksomstandighede maar ongunstig was, het die Unie-Onderwysdepartement spoedig gunstiger salarisskale en diensvoorwaardes aangekondig. Die Departement het langs hierdie weg probeer om die onbevredigende personeelposisie op te los.<sup>34)</sup>

In ooreenstemming met die vooropgestelde doelwit by die oorname van die industriële skole in 1917, het die Unie-Onderwysdepartement n meer opvoedkundige benadering geopenbaar en getrag om hierdie skole se eertydse assosiasie met gevangenis te verbreek. In hierdie verband het die Sekretaris in 1923 gerapporteer dat die industriële skole besig was om te ontwikkel in die rigting van suiwer opvoedkundige instellings, weg van die semi-strafinrigtings wat hulle vroeër was.<sup>35)</sup>

Gedurende die volgende paar dekades het die getal nywerheidskole algaande aangegroei en die werksomstandighede en diensvoorwaardes van onderwysers is ook van tyd tot tyd verbeter.

---

31) McKerron, op.cit., p.111. Vergelyk ook Kieser, op.cit., p.178.

32) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1916-1917, p.73-74.

33) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1921, p.22.

34) Report of the Under Secretary for Education, 1918, p.72.

35) Report of the Secretary for Education 1922, p.28.

(2) Die Kinderwet van 1937 konsolideer vorige wetgewing en verbeter die nywerheidskoolstelsel.

In 1934 is n inter-departementele komitee aangestel om ondersoek in te stel na behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige kinders en jongmense. Die komitee moes onder andere ook konsepwetgewing opstel wat die bestaande wetgewing betreffende die vermelde soorte kinders sou verbeter.<sup>36)</sup> Die verslag van die Komitee, wat in 1937 verskyn het, is gevolg deur n nuwe wet, die Kinderwet van 1937.<sup>37)</sup> Dr. W.W.J. Kieser wys daarop dat die getal agterlike kinders in die dertigerjare onrusbarend groot was en dat nuwe beskermende wetgewing om dié rede noodsaaklik was, asook om n meer opvoedkundige benadering van die probleem van jeugmisdadigheid moontlik te maak.<sup>38)</sup>

Dié Wet het die volgende wette geheel of gedeeltelik vervang:

- (a) Die "Wet ter Bescherming van Kinderen", No. 25 van 1913.
- (b) Die "Aanneming van Kinderen Wet", No. 25 van 1923.
- (c) Hoofstuk VII van die "Wet op Gevangenis en Verbeteringsgestichten", No. 13 van 1911.
- (d) Die "Wet tot Wijsiging van de Wet op Gevangenis en Verbetergestichten", No. 46 van 1920, vir sover dit jeugdige oortreders en die stigting van gesertifiseerde tehuse raak.<sup>39)</sup>

In die Kinderwet van 1937 is die Unie-Onderwysdepartement se verantwoordelikheid vir verwaarloosde kinders herbevestig en derhalwe ook sy verantwoorde-

36) Report of the Interdepartmental Committee on destitute, neglected, maladjusted and delinquent children and young persons. (U.G. 38-1937), p.2.

37) Wet No. 31 van 1937. Die Wet het op 18 Mei 1937 in werking getree.

38) Kieser, op.cit., p.194 en 197.

39) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Memorandum insake die Kinderwet No. 31 van 1937, p.1.

likheid vir nywerheidskole. In dié verband het die Inter-departementele Komitee opgemerk dat die provinsies nie genoegsame fondse het om die meer opvoedkundige program wat in die vooruitsig gestel word te kan finansier nie; daarom het hy aanbeveel dat die versorging van die sorgbehoewende kind 'n funksie van die Sentrale Regering moet bly.<sup>40)</sup>

Die doeltreffendheid al dan nie van die nywerheidskool as 'n noodsaaklike skakel in die rehabilitasieprogram is deur die Komitee bevraagteken op grond daarvan dat die nywerheidskole te groot is en dat individuele studie en behandeling van die leerlinge daardeur verwaarloos word.<sup>41)</sup> Die Komitee het egter ook daarop gewys dat baie van die nywerheidskoolleerlinge uit huisgesinne kom waar hulle verwaarloos en sleg behandel word en dat hulle dientengevolge sosiaal wanaangepas word.<sup>42)</sup> Al sou die nywerheidskole dan weens sekere faktore nie hul optimum doeltreffendheid bereik nie, het hulle tog die sekerste uitweg geblyk te wees om jeugmisdaad te voorkom deur die skadelike kousale faktore so vroeg moontlik uit te skakel.<sup>43)</sup>

Die Interdepartementele Komitee het hom skerp uitgelaat oor die feit dat daar nie 'n stelsel van klassifikasie van nywerheidskole was nie met die gevolg dat onbeheerbare en psigopatiese en leerlinge, asook jeugoortreders, sonder diskriminasie saam met leerlinge wat slegs as gevolg van verwaarlosing gekommitteer is, saamgegroeper is.<sup>44)</sup> 'n Stelsel van klassifikasie is egter later ingevoer en sekere nywerheidskole is uitgesonder vir sekere tipes leer-

---

40) U.G. 8 - 1937, par. 30.

41) Ibid., par. 172.

42) Ibid., par. 171. Vergelyk ook Van Reenen: Handbook on the Children's Act, p.5.

43) Van Reenen, op.cit., p.5.

44) U.G. 38 van 1937, par. 24.

linge, soos byvoorbeeld vir verstandelik-vertraagde kinders, intelligente kinders met goeie gedrag, en leerlinge met ernstige gedragsafwykings.<sup>45)</sup>

Die Kinderwet van 1937 was die resultaat van 'n poging om sekere leemtes in die bestaande wetgewing insake kinderbeskerming en -versorging uit te skakel en 'n meer preventiewe en opvoedkundige benadering tot hierdie vraagstuk te bewerkstellig.<sup>46)</sup> Die nuwe wetgewing was 'n groot verbetering op die oue. Dit het nie alleen vlotter administrasie van kinderwet-aangeleenthede moontlik gemaak nie maar het ook die weg gebaan na beter versorging van die afgedwaalde kind.

Die administrasie van die Kinderwet van 1937 is, sover dit blankes aangaan, aan die volgende staatsdepartemente (insluitende die ministers wat vir die betrokke departemente verantwoordelik is) opgedra:

Departement van Volkswelsyn<sup>47)</sup>  
 Unie-Onderwysdepartement  
 Departement van Justisie

Aanvanklik is die Wet in sy geheel aan die Minister van Onderwys opgedra maar na die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn in 1937, is die opdrag verander te dien effekte dat die Minister van Volkswelsyn vir die administrasie van die Wet verantwoordelik sou wees. Die Minister van Onderwys sou egter verantwoordelik bly vir dié deel van die Wet wat met nywerheid- en verbeteringskole in verband staan.<sup>48)</sup>

Die Kinderwet van 1937 het uitgebreide magte aan die Minister en Sekretaris van Onderwys toegeken

45) Van Reenen. op.cit., p.47.

46) Memorandum insake die Kinderwet No. 31 van 1937, p.2-3.

47) Hierdie Departement het in 1937 ontstaan en het kindersorgdienste van die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem.

48) Van Reenen. op.cit., p.38.

in verband met die bestuur en beheer van nywerheids- en verbeteringskole, asook in verband met die welsyn van die leerlinge as sodanig.<sup>49)</sup>

In 1938 is die eerste pos van onderwyser-sielkundige geskep. So n persoon is aan hoofkantoor aangestel om die sielkundige dienste aan die Departement se skole te sistematiseer en te ontwikkel. Dit het egter gou geblyk dat die behoefte aan die skole vir hierdie soort dienste baie groot is en in 1946 is n onderwyser-sielkundige aan elke nywerheidskool aangestel. Aan die groter skole is selfs meer as een pos van hierdie aard, asook n vise-hoof wat op grond van kwalifikasies in hierdie rigting aangestel word.<sup>50)</sup> In 1966 was daar soveel as 44 betrekkings van onderwyser-sielkundige in die Departement se nywerheids- en verbeteringskole.<sup>51)</sup>

Die onderwyser-sielkundige is n persoon wat as sielkundige opgelei is en wat hoofsaaklik te doen het met die rehabilitering van wanaangepaste leerlinge. Sy pligte kan soos volg ingedeel word: psigometriese werk, sielkundig-kliniese werk, beroepsvoorligting en keuring vir ambagsopleiding, diagnose van skolas-tiese probleme en heelkundige onderwys, en die nasorg van ontslane leerlinge.<sup>52)</sup>

Die klassifikasie van nywerheidskole met betrekking tot die tipe leerling wat in die betrokke skole toegelaat is, was in 1952 soos volg:

---

49) Ibid., p.40-41.

50) Du Plessis. Die nywerheidskool as onderwys- en opvoedingsinrigting in Suid-Afrika, p.176-177.

51) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.172.

52) Du Plessis, op.cit., p.177.

TABEL XX. KLASSIFIKASIE VAN NYWERHEIDSKOLE. 53)

Skool	Geslag	Verstandelike klassifikasie	Gedrags- klassifikasie	Onderskeidende Naam van Skool
Bloemfontein .....	V	-	-	
George .....	M	Goed	Goed	
Heidelberg, Transvaal	M	-	-	Enmasdal
Heidelberg, Transvaal	M	Sub-normaal	-	J.W. Luckhoff
Kingwilliamstown ....	M	-	-	
Ladybrand .....	V	-	-	
Meadows, O.V.S. ....	M	Sub-normaal	-	
Oudtshoorn .....	V	Sub-normaal	-	
Paarl .....	V	Goed	Goed	
Queenstown .....	M	-	-	
Rustenburg .....	M	-	Moeilik	
Standerton .....	M	-	-	Vaalrivier
Standerton .....	V	-	-	George Hofmeyr
Standerton .....	V	Sub-normaal	-	Die Vlakte
Wolmaransstad .....	V	Sub-normaal	-	

(a) By Queenstown is n spesiale afdeling vir sub-normales.

(b) Die Departement was in hierdie stadium ook verantwoordelik vir n nywerheidskool vir Kleurlinge, te Ottery, Kaapprovinsie.

Tabel XX dui aan dat daar n bepaalde stelsel van klassifikasie van nywerheidskole is. Elke indiwiduele geval word by toelating eers gediagnoseer met die oog op geskikte plasing.<sup>54)</sup> Sodoende sal meisies met goeie verstandelike vermoëns en seuns met ernstige gedragsprobleme byvoorbeeld na die skole te George en Rustenburg onderskeidelik gestuur word. Die leemte wat vroeër bestaan het, nl. dat daar geen klassifikasie van nywerheidskole is nie,<sup>55)</sup> is derhalwe uitgeskakel.

(3) Die Kinderwet van 1960.

Die Kinderwet van 1960<sup>56)</sup> het geen noemenswaardige verandering teweeggebring wat die onderwys in nywerheid- en verbeteringskole betref nie.<sup>57)</sup> Dit het (betreffende kinderskole) grotendeels voortgebou op die Kinderwet van 1937 en het by implikasie al die latere wysiginge van die 1937-wet gekonsolideer.

Die hoofbeginsels van die Kinderwet van 1960 soos gestel deur die destydse adjunk-minister van Volkswelwyn en Pensioene in die Volksraad, is opsommenderwys, die volgende:

- (a) Die beskerming van kinders in die algemeen om te verseker dat hulle nie sorgbehoewend is nie;
- (b) spesifieke beskerming en versorging van kinders wat sorgbehoewend is;
- (c) optrede teen ouers en ander persone wat daarvoor verantwoordelik is dat kinders sorgbehoewend is; en
- (d) die reëling van die aanneming van kinders.<sup>58)</sup>

---

54) Na hulle verskyning voor n Kommissaris van Kindersorg is volledige besonderhede in verband met die betrokke kinders op rekord en ter beskikking van die Departement.

55) Vide U.G. 38-1937, par. 24.

56) Wet No. 33 van 1960.

57) Vide Spiro. The Children's Act, p.2-4.

58) Ibid., p.1.



Die beginsel by (b) genoem, t.w. die spesifieke beskerming en versorging van kinders wat sorgbehoewend is, is by uitstek dié afdeling van die Wet waarby die Departement gemoeid is, dit wil sê die behartiging van nywerheid- en verbeteringskole.

Die administrasie van die Wet is, met enkele uitsonderings, aan die Minister van Volkswelsyn en Pensioene opgedra, by Proklamasie No. 52 van 1963. Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap is, soos genoem, belas met die administrasie van die bepalinge wat betrekking het op skole vir Blankes (nywerheid- en verbeteringskole).

Om op te som kan gesê word dat sover dit die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se verantwoordelikheid ten opsigte van kinderwetskole aangaan, die toestand na 1960 basies gebly het soos dit was voordat die nuwe Kinderwet in werking getree het.

### 3. Slot.

Die aantal nywerheidskole het oor die afgelope paar dekades geleidelik toegeneem. Oor die afgelope veertig jaar (1930-1970) was daar 'n toename van 7 tot 18 skole. Die getal leerlinge het egter oor dieselfde tydperk slegs met sowat 800 vermeerder (1430 in 1930 en 2134 in 1970). Die volgende tabel (tabel XXI) dui die groei van nywerheidskole oor die genoemde tydperk aan:

TABEL XXI. NYWERHEIDSKOLE: AANTAL INRIGTINGS EN LEERLINGE, 1930 - 1970.

<u>Jaar</u>	<u>Inrigtings</u>	<u>Leerlinge</u>
1930	7	1430
1935	7	1316
1940	9	1364
1945	12	1671
1950	14	2008
1955	15	2127
1960	15	2153
1965	18	2318
1970	18	2203 <sup>59)</sup>

Soos genoem, toon tabel XXI dat die skole vanaf 1930 tot 1970 van 7 tot 18 gestyg het terwyl die leerlingtal van 1430 tot slegs 2203 gestyg het. Hierdie toedrag van sake is veroorsaak deur die doeltreffender stelsel van klassifisering van skole wat algaande ontstaan het. Ook het die kleiner gemiddelde per capita-toewysing van leerlinge aan skole (204 leerlinge per skool in 1930 teenoor 122 per skool in 1970) meer individuele aandag aan die leerlinge moontlik gemaak, in ooreenstemming met die Departement se opvoedkundige benadering in die nywerheidskole.

Daar bestaan tans nywerheidskole by die volgende sentrums:

Kaapprovinsie:

Seuns

Hoërskool die Bult, George  
 Hoërskool J.J. Serfontein, Queenstown  
 Excelsiorkool, Kingwilliamstown

Meisies

Hoërskool H.S. van der Walt, Paarl.  
 Petra-meisieskool, Oudtshoorn.  
 Heuwelkruin-meisieskool, Knysna.

59) Die syfers is verkry uit die jaarverslae van die Departement vir die betrokke jare.

Natal

Skool vir Meisies, Utrecht.

Oranje-VrystaatSeuns

Jimmy Roos-skool vir Seuns, Dewetsdorp

Meisies

Tempe-meisieskool, Pk. Tempe, Bloemfontein.

Eendragaskool, Ladybrand.

TransvaalSeuns

Nywerheidskool, Heidelberg

Vaalrivierskool, Standerton

J.W. Lückhoff-skool, Heidelberg

Werdaskool, Rustenburg.

Meisies

George Hofmeyr-meisieskool, Standerton

Daeraadskool, Wolmaransstad

Die Vlakte-skool, Standerton.

Schoemansdalskool, Pk. Mara, oor Louis Trichardt.<sup>60)</sup>

B. VERBETERINGSKOLE.1. Algemeen.a. Die funksies en omskrywing van n verbeteringskool.

Aanvanklik is die verbeteringsgestig, net soos die gevangenis destyds, beskou as n strafinrigting; straf was die hoofdoel. Later het die idee van hervorming, ook na aanleiding van buitelandse invloed, begin posvat.<sup>61)</sup>

In die Wet op Gevangenis en Verbetergestichten van 1911 (Wet No. 13 van 1911) is onder andere melding gemaak van die volgende inrigtings:

60) Erudita Publikasies, op.cit., p.114-115.

61) Engelbrecht. Die interne organisasie van die Suid-Afrikaanse verbeteringskool, p.18.

- "(a) Inrichtingen genaamd verbetergestichten, tot redding en verbetering van jeugdige perzonen, die reeds ter zake van overtredingen veroordeeld en gevonnist zijn; en
- (b) inrichtingen, genaamd verbetergestichten voor jonge volwassenes, tot redding en verbetering van jonge volwassenes, die ter zake van overtredingen veroordeeld en gevonnist zijn."<sup>62)</sup>

Uit die woorde "redding" en "verbetering" blyk dit dat die klem al verskuif het van straf na hervorming of rehabilitasie. Hieruit kan verder ook afgelei word dat n verbeteringsgestig bedoel was vir jeugdiges en jong volwassenes wat wetsoortredinge begaan het en wat eintlik vir gevangenisstraf in aanmerking behoort te gekom het. Die bedoeling was om hulle in verbeteringsgestigte aan te hou en te probeer rehabiliteer voordat hulle onder die invloed van die werklike misdadige element in die gevangenis kan kom.

Drie jaar na Uniewording is die Kinderbeskermingswet<sup>63)</sup> aangeneem wat, soos reeds vroeër vermeld, dié deel van die Gevangeniswet van 1911 wat oor industriële skole en verbeteringsgestigte handel, vervang het. Hierdie Wet was meer omvattend en het meer klem laat val op die opvoedkundige aspekte van hierdie soort inrigtings.

Na die oornome van verbeteringskole deur die Unie-Onderwysdepartement in 1934 is die opvoedkundige aspek van verbeteringskole nog meer beklemtoon. In sy proefskrif oor die verbeteringskool, gee Engelbrecht die volgende beskrywing van hierdie soort inrigting:

"In wese is die verbeteringskool n opvoedkundige inrigting wat hom ten doel stel die opvoeding, onderwys en versorging van kinders wat in hulle gedrag sodanige afwykings toon dat rehabilitasie en heropvoeding nodig is om hulle weer op die regte pad te kry."<sup>64)</sup>

62) Wet No. 13 van 1911, artikel 3.

63) Wet No. 25 van 1913.

64) Engelbrecht, op.cit., p.32-33.

Die jongste wetlike omskrywing van 'n verbeteringskool is soos volg:

"'n Verbeteringskool is 'n skool wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding opgerig word vir die opname, versorging en opleiding van kinders en persone wat, ingevolge die Kinderwet of enige ander Wet, daaraan verwys word."<sup>65)</sup>

Dié omskrywing is baie wyd gestel en is daarop gemik om vir die volgende voorsiening te maak:

- (1) Die toekenning van sekere magte aan die Minister van Nasionale Opvoeding ten opsigte van verbeteringskole;
- (2) die opname van wetsoortreders; en
- (3) die opname van Kinderwet-leerlinge wat vanaf ander inrigtings (soos nywerheidskole) oorgeplaas word.

Die oorspronklike naam van hierdie inrigtings was verbeteringsgestig; later is die naam verander na verbeteringshuis en nog later, onder die Departement van Onderwys, Kunst en Wetenskap, het dit die naam verbeteringskool gekry.

b. Die administrasie en organisasie van verbeteringskole.

Soos reeds in afdeling A aangedui is, val verbeteringskole ook saam met nywerheidskole onder dié deel van die Kinderwet wat deur die Departement van Nasionale Onderwys geadministreer word. Die administrasie en bestuur van verbeteringskole van departementsweë is basies dieselfde as in die geval van nywerheidskole; die Departement het regstreekse beheer oor en verantwoordelikheid vir hierdie skole.

Die Minister het die bevoegdheid om 'n beheerraad ten opsigte van 'n verbeteringskool aan te stel (net soos in die geval van 'n nywerheidskool) om behulpsaam te wees met sekere aspekte van die interne organisasie van die skool.<sup>66)</sup>

65) Wet No. 33 van 1960, artikel 39(2)(a).

66) Wet No. 33 van 1960, artikel 39(4)(a)

Die administrasie van verbeteringskole is ook soortgelyk aan dié van beroepskole - die bepalings van Wet No. 70 van 1955 en later Wet No. 41 van 1967, is deur die Kinderwet ook op verbeteringskole van toepassing gemaak sover dit sekere aspekte van bestuur betref.<sup>67)</sup>

Die organisasie van 'n verbeteringskool verskil in sekere opsigte van dié van 'n gewone skool en 'n nywerheidskool. Hier kan gesê word dat dit so is vanweë die tipe leerling waarvoor die verbeteringskool voorsiening moet maak.<sup>68)</sup> Daar is reeds genoem dat die nywerheidskool voorsiening moet maak vir die sorgbehoewende kind en die verbeteringskool vir die jeugoortreder, of te wel die jeugdige wetsoortreder. Terwyl die soort leerling in die geval van die verbeteringskool bepalend is vir die aard van die organisasie van so 'n skool, word kortliks gelet op 'n opsomming van die tipe leerling wat, volgens prof. H. Venter, in die verbeteringskool aangetref word. Volgens hom is verbeteringskole hoofsaaklik bedoel vir jeugoortreders -

- (1) wat as gevolg van die ernstige aard van hul misdadige gedrag direk deur 'n hof na so 'n inrigting gekom miteer word;
- (2) wat volhard in wangedrag en nie gunstig reageer wanneer hulle onder toesig is nie; en
- (3) wat as gevolg van aanhoudende weglopery en onaanpasbaarheid in nywerheidskole strengere toesig en dissipline nodig het.<sup>69)</sup>

Professor Venter konstateer voorts dat die verskil tussen nywerheids- en verbeteringskole geleë is in die strengere veiligheidsmaatreëls by laasgenoemde.<sup>70)</sup>

---

67) Wet No. 33 van 1960, artikel 40(1).

68) Vergelyk Du Plessis. Die nywerheidskool as onderwys- en opvoedingsinrigting in Suid-Afrika, p.6.

69) Venter, H. Die blanke jeugdige oortreder en sy rehabilitasie, Rehabilitasie in Suid-Afrika, Desember 1963 (Vol. 7 No. 4), p.171.

70) Ibid.

Leerlinge in verbeteringskole word vir bepaalde tydperke in die skool gehou, afhangende van hul ouderdom - net soos in die geval van n nywerheidskoolleerling. Indien n leerling gunstig reageer op inrigtingsbehandeling, kan hy op een van tweërlei wyse met vergunning uitgeplaas word:

- (1) In n uitplasingshostel - waar hy nog onder toesig is. Bedags gaan werk hy en saans keer hy terug na die hostel. Na n tyd kan hy op "volle parool" uitgeplaas word;
- (2) na sy plek van herkoms - onder die toesig van n proefbeampte wat hom met raad dien en hom help om in die normale lewe in te skakel.<sup>71)</sup>

Weglopery uit n verbeteringskool word in n ernstiger lig beskou as wat die geval by n nywerheidskool is. Leerlinge wat wegloop en boel is, kan gevangenisstraf opgelê word.<sup>72)</sup>

In die verbeteringskole word, net soos in die geval van nywerheidskole, huishoudkundige en handelsopleiding en tegniese opleiding van n voorberoepskundige aard gegee. Die seuns kry opleiding in die volgende ambagsrigtings: bou-, motor- en metaalambagte, elektrisiëns-werk, bakkery en kleremakery. Klem word ook gelê op liggaamlike fiksheid en die ontwikkeling van die gewenste sosiale karaktereienskappe. Daar is ook n buitemurse sportprogram om massadeelname en gesonde ontspanning moontlik te maak.<sup>73)</sup>

Sielkundige dienste wat reeds in 1946 by die verbeteringskole begin is, vervul n baie belangrike funksie by die verbeteringskole omdat dit in n groot mate daartoe kan bydra om die leerling in die skool, sowel as in

---

71) Ibid., p.173.

72) Wet No. 33 van 1960, artikel 56.

73) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.29.

die samelewing, te laat aanpas.<sup>74)</sup> Die aksent val gevolglik op die individu en groot waarde word geheg aan gevalle-studie in die rehabiliteringsproses.<sup>75)</sup>

## 2. Die beheer oor verbeteringskole.

### a. Verbeteringskole onder die beheer van die Departement van Gevangenisse tot 1934.

Waarskynlik is die belangrikste enkele faktor wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die eerste verbeteringsgestig in Suid-Afrika die nalatenskap van William Porter, 'n oud-prokureur-generaal. Hy het 'n bedrag van £20,000 vir hierdie doel nagelaat. Die gevolg hiervan was die promulgering van die "Reformatory Institution Act" in 1879 en die totstandkoming van die eerste verbeteringsgestig onder die administrasie van die Departement van Justisie. Hierdie inrigting het ontwikkel in twee aparte skole, een vir Blankes en een vir Kleurlinge, onder dieselfde prinsipaal, te Tokai. Uit hierdie twee skole het die twee afsonderlike skole, die Constantia-skool vir Blanke seuns te Retreat, Kaap-provinsie en die Porter-skool vir Kleurlingseuns, later ontstaan.<sup>76)</sup>

Verdere ontwikkeling in hierdie rigting was langsaam. Die tweede verbeteringsgestig was dié in Heidelberg, Transvaal, wat op 1 Maart 1909 opgerig is. Dit is egter in 1911 omskep in 'n nywerheidskool.<sup>77)</sup>

Die eerste Unie-wet wat op verbeteringsgestigte van toepassing was, was die Wet op Gevangenis en Verbetergestichten van 1911.<sup>78)</sup> Die verbeteringsgestig was 'n onderafdeling van die gevangenis.<sup>79)</sup> Nietemin het die omskrywing van 'n verbeteringsgestig in hierdie wet gedui op die "redding en verbetering" van persone, soos vroeër gemeld is.

---

74) Ibid., p.31.

75) Department of Education, Arts and Science. Reformatory schools in the Union of South Africa, p.4.

76) Ibid., p.1.

77) Report of the Under Secretary for Education 1918, p.69.

78) Wet No. 13 van 1911.

79) Engelbrecht, op.cit., p.19.



Gedurende 1914 is besluit om n verbeteringsgestig vir meisies, jeugdiges en jong volwassenes (blankes sowel as gekleurdes), te Ford Dunford, Escourt, op te rig. Later is dié inrigting na Eshowe oorgeplaas en uiteindelik na Durbanville in die Kaapprovinsie. Daar was nog verskuiwings ten opsigte van verbeteringsgestigte: die blanke jong volwassenes in die Emmasdal-verbeteringsgestig te Heidelberg is na Houtpoort oorgeplaas, asook die blanke jeugdige misdadigers te Tokai. Vir naturelle het later ook verbeteringsgestigte te Diepkloof (as n deel van die tronk) en te Fort Glamorgan ontstaan.<sup>80)</sup>

b. Verbeteringskole onder die beheer van die sentrale regering se onderwysdepartement.

(1) Die oorname in 1934.

Op 1 Julie 1934 is die verbeteringskole (toe genoem verbeteringshuise) te Diepkloof, Eshowe, Houtpoort en Tokai van die Departement van Gevangenisse oorgeneem.<sup>81)</sup> Dit het inrigtings vir Blankes, Bantoes en Kleurlinge ingesluit. Hierdie oorname is gedoen ingevolge Wet No. 27 van 1934.<sup>82)</sup> Inmiddels is die proefbeamedienste ook deur die Departement van Gevangenisse aan die Unie-Onderwysdepartement afgestaan. Dit het meegebring dat die Unie-Onderwysdepartement verantwoordelik was vir die versorging en opleiding van alle sorgbehoewende kinders en jeugdige oortreders, in skoolverband en ook waar hulle in n plek van bewaring of in hulle ouerhuise onder toesig van n proefbeampte uitgeplaas is. Drie jaar later, met die inwerkingtreding van die Kinderwet van 1937 en die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, is heelwat van hierdie dienste deur laasgenoemde Departement oorgeneem en het die Unie-Onderwysdepartement slegs verantwoordelikheid behou ten opsigte van nywerheid- en verbeteringskole.

80) Ibid., p.22-23.

81) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1935, p.5.

82) Wet No. 27 van 1934, artikel 2.

Met die oorname van die verbeteringskole het die Unie-Onderwysdepartement beoog om n nuwe en meer opvoedkundige beleid ten opsigte van hierdie skole toe te pas. Die modus operandi sou die volgende insluit:

- (a) beroepsopleiding;
- (b) waarneming en behandeling van die individu;
- (c) opleiding tot die regte gebruik van vryheid; en
- (d) nasorg.<sup>83)</sup>

Die afskaffing van die gebruik dat die verbeteringskoolpersoneel uniforms dra (behalwe in die geval van die Diepkloofinrigting waar Bantoes gehuisves was),<sup>84)</sup> was al reeds bewys van die nuwe benadering. Volgens Kieser het die verandering van beheer groot voordeel vir die verbeteringskoolleerling ingehou en het sy onderrig en behandeling nou op n hegte opvoedkundige grondslag berus. Hy was ook nie langer aan die stigma wat die Departement van Gevangenisse vir die kind meebring, gekoppel nie.<sup>85)</sup>

## (2) Wetgewing.

Daar is reeds in afdeling A aangedui dat die wetgewing wat op nywerheidskole van toepassing is, ook vir verbeteringskole geld. Dié wetgewing is, sover dit die administrasie van nywerheid- en verbeteringskole geld, reeds volledig bespreek. Aangesien die administrasie van hierdie skole van departementsweë eenders is, word dit nie nodig geag om weer op die detail van die betrokke wetgewing in te gaan nie. Gevolglik word volstaan met die volgende:

---

83) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1933-1934, p.15.

84) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1935, p.30.

85) Kieser, op.cit., p.129-130. Vergelyk ook U.G. 38-1937, par. 181.

- (a) In 1934, toe verbeteringskole onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement gekom het, is hulle geadministreer kragtens die bepalings van die Kinderbescherminswet, 1913 (Wet No. 25 van 1913). In dieselfde jaar is die reeds genoemde inter-departementele komitee aangestel wat ondersoek ingestel het na verwaarloosde en misdadige jeugdiges. Dié ondersoek het gelei tot die promulgering van 'n nuwe wet, die Kinderwet van 1937, wat alle vorige wetgewing in dié verband gekonsolideer het.
- (b) Die Kinderwet van 1937 is oorspronklik in sy geheel en later gedeeltelik aan die Unie-Onderwysdepartement opgedra, die betrokke gedeelte synde die bepalings van die Wet wat op nywerheid- en verbeteringskole van toepassing was. Die Kinderwet van 1960 het die status quo basies onveranderd gelaat sover dit die onderwys in en die administrasie van verbeteringskole betref. Huidig is dié Wet nog van toepassing op nywerheid- en verbeteringskole.

### 3. Slot.

Mettertyd het die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap die verbeteringskole vir Nie-blankes onder sy sorg afgestaan aan ander staatsdepartemente wat verantwoordelik is vir die onderwys van daardie bepaalde rassegroepe.

Die volgende tabel toon die aantal verbeteringskole en die leerlinge daaraan verbonde oor 'n tydperk van vyf en dertig jaar (1935 - 1970):

TABEL XXII. VERBETERINGSKOLE: AANTAL INRIGTINGS EN LEERLINGE, 1935 - 1970.

<u>Jaar</u>		<u>Inrigtings</u>	<u>Leerlinge.</u>
1935	⌘	4	838
1940	⌘	5	1162
1945		2	219
1950		2	270
1955		2	269
1960		2	332
1965		2	226
1970		2	165. <sup>86)</sup>

⌘ Nie-blankes ingesluit.

Uit die tabel hierbo blyk eerstens dat die Departement vroeër ook die verbeteringskole vir Nie-blankes behartig het (voor 1945) en tweedens dat daar in 1970 n betreklike klein aantal leerlinge in die twee verbeteringskole was, vergeleke met vroeëre jare.

Daar bestaan tans nog twee verbeteringskole, die een vir seuns, nl. die Constantiaskool vir Seuns te Retreat en die een vir meisies, nl. die Instituut vir Meisies te Durbanville. Die getal seuns in die Constantiaskool het gedurende 1971 gewissel van 116 tot n maksimum van 141 en die aantal meisies het gewissel van 26 tot 38.<sup>87)</sup>

86) Syfers verkry uit die jaarverslae van die Departement vir die betrokke jare.

87) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.29.